NORTHERN CAPE PROVINCE

PROFENSI YA KAPA-BOKONE

NOORD-KAAP PROVINSIE

IPHONDO LOMNTLA KOLONI

EXTRAORDINARY • BUITENGEWONE

Provincial Gazette
Kasete ya Profensi

iGazethi YePhondo
Provinsiale Koerant

Vol. 18 **KIMBERLEY, 24 OCTOBER OKTOBER 2011** **No. 1554**

IMPORTANT NOTICE

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

CONTENTS • INHOUD

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	ALGEMENE KENNISGEWING		
91	Noord-Kaap Drankwysigingswet (3/2011): Vir algemene kennisname	3	1554

ALGEMENE KENNISGEWING

KENNISGEWING 91 VAN 2011

Die Noord-Kaap Drankwysigingswet 3 van 2011 (in Engels gepubliseer in Provinsiale Koerant 1549 van 30 September 2011, met dienooreenkomstige inwerkingtredingsdatum) soos deur die Premier goedgekeur, word hiermee ook in Afrikaans gepubliseer vir algemene kennisname.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vetdruk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Noord-Kaap Drankwet, 2008, ten einde verder vir delegasies voorsiening te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Noord-Kaap, soos volg:-

Wysiging van artikel 18 van Wet No. 2 van 2008

1. Artikel 18 van die Noord-Kaap Drankwet, 2008 (Wet No. 2 van 2008), word hierby gewysig deur –

(a) die invoeging van subartikels (3), (4), (5) en (6) na subartikel (2):

"(3) Ondanks artikel 60(4), kan die Raad enige werksaamheid in sub-artikel (2) genoem aan 'n komitee van die Raad delegeer.

(4) Die komitee in subartikel (3) bedoel, bestaan uit –

(a) twee lede van die Raad, deur die Raad vir 'n termyn van ses maande op 'n keer aangestel; en

(b) die hoof-uitvoerende beampte.

(5) 'n Lid van 'n komitee ingevolge subartikel (4)(a) aangestel, mag nie vir opeenvolgende termyne op die komitee dien nie.

(6) 'n Besluit van 'n komitee in subartikel (3) bedoel moet –

(a) eenparig wees; en

(b) deur die hoof-uitvoerende beampte genotuleer word,

maar as eenstemmigheid nie by oorweging van 'n aansoek deur die komitee bereik kan word nie, moet die aansoek deur die Raad oorweeg en afgehandel word."; en

(b) die hernommering van die bestaande subartikel (3) na subartikel (7).

Kort titel

2. Hierdie Wet heet die Noord-Kaap Drankwysigingswet, 2011.